# AFDELING 21

# ONBEMANDE LUGSTELSELS

## 21.1

## ONBEMANDE LUGSTELSELS DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer en OLS Operateur wat in die skedule benoem is. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **OLS** | Onbemande Lugstelsel, bestaande uit:<br>• 'n onbemande lugvaartuig (ook bekend as 'n homeltuig);<br>• 'n GPS module;<br>• grondbeheer module;<br>• transmissiestelsels;<br>• verwyderbare en nie-verwyderbare vrag; en<br>• sagteware<br>en wat uitsluitlik in jou boerdery bedrywighede in die normale loop van sake gebruik word. |
| **OLS Operateur** | beteken die persoon wie ten alle tye die vlugkontrole van die OLS direk manipuleer en direkte beheer oor die aanvang, voortsetting, afwyking of beëindiging van die OLS vlug uitoefen en wie:<br>• 'n OLS opleidingskursus; en<br>• 'n vervaardigers opleidingskursus<br>suksesvol voltooi het en wie ten minste 10 (tien) ure se OLS vliegondervinding het voordat enige vlugte met die versekerde OLS gemaak word. |
| **OLS Onderdele** | Alle toerusting wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is en wat ontwerp is om aan die OLS gemonteer te word of deel van die OLS uitmaak en waar montering van sodanige toerusting aan die OLS nog nie 'n aanvang geneem het nie. |
| **Ongeluk** | beteken enige enkele ongeluk or reeks ongelukke wat spruit uit 'n enkele gebeurtenis. |
| **Verwyderbare vrag** | beteken fotografiese of video toerusting wat deur die OLS gedra word en wat vanaf die OLS verwyder of uitgeruil kan word. |
| **Nie-verwyderbare vrag** | beteken fotografiese of video toerusting wat deur die OLS gedra word, wat 'n integrale deel van die OLS uitmaak en nie bedoel is om van die OLS verwyder te word nie. |
| **Vlug** | beteken die tyd vanaf die OLS aangeskakel word, vorentoe beweeg tydens opstyging of poging daartoe, terwyl dit in die lug is, totdat die OLS sy landing voltooi en tot stillstand gekom het en weer afgeskakel is.'n Roterende-vlerk OLS sal geag wees in vlug te wees wanneer die OLS aangeskakel en die rotors in beweging is, hetsy as gevolg van enjinkrag, die momentum wat daardeur gegenereer word of outorotasie. |
| **Grondbeheer module** | beteken 'n koppelvlak wat gebruik kan word om OLS vlugte te beheer of te monitor. Die koppelvlak mag ook effektiewe beheer van beide verwyderbare en nie-verwyderbare vrag verskaf, wat toelaat dat data wat tydens vlug ingesamel is, gemonitor kan word. |
| **Versekerde waarde** | Die markwaarde van die OLS (insluitend verwyderbare en nie-verwyderbare vrag, waar van toepassing) soos deur ons bepaal op die datum van verlies of skade wat tot 'n eis aanleiding gee, inaggenome alle wesenlike aspekte, inlsuitend ouderdom, slytasie en diensrekord. |
| **Eenheid** | beteken 'n onderdeel van 'n montering van onderdele (insluitend enige sub-monterings) van die OLS waaraan 'n Hersieningsleeftyd as deel van 'n montering toegeken is. Desnieteenstaande sal 'n enjin, volledig met alle onderdele wat normaalweg daaraan geheg is wanneer dit vir die doel van hersiening of vervanging verwyder word, saam 'n enkele eenheid uitmaak. |
| **Hersieningsleeftyd** | beteken die hoeveelheid gebruik of operasionele - en/of kalendertyd wat, volgens die Lugvaart Owerhede, bepaal wanneer hersiening of vervanging van 'n Eenheid veries word. |
| **Hersieningskoste** | beteken die koste van arbeid en materiale wat aangegaan is, of aangegaan sou word, om 'n beskadigde of soortgelyke Eenheid aan die einde van die Hersieningsleeftyd te hersien of te vervang (watter ookal nodig sou wees). |
| **Huur** | beteken huur, pag of huurvlug deur jou aan enige persoon, maatskappy of organisasie waar die bediening van die OLS nie onder jou beheer is nie. |

| | |
|---|---|
| Rol | beteken beweging van die OLS onder sy eie krag, andersins as in Vlug soos hierbo gedefinieer. Rol sal nie geag wees te eindig vanweë 'n tydelik halt van die OLS nie. |
| Gebiedsperke | Republiek van Suid-Afrika |
| Transito | beteken die vervoer van die OLS en/of nie-verwyderbare vrag en/of onderdele van een ligging na 'n ander terwyl verpak volgens die betrokke vervaardiger se riglyne of in 'n veilig toegesluite en gewatteerde OLS vlugkoffer. |

# 21.2

# ONBEMANDE LUGSTELSELS BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling (of eerste bedrag betaalbaar). Verwys asseblief na die skedule en **Aanhangsel A**. |

# 21.3

# ONBEMANDE LUGSTELSELS DEKKING

Jy is gedek vir verlies van ofs skade aan versekerde OLS veroorsaak deur die volgnede versekerde gebeurtenisse.

**Versekerde gebeurtenisse**

## 1. Versekerde gebeurtenisse

A) Ons sal, op ons diskresie fisiese toevallige verlies van of skade aan die hele of gedeeltelike OLS vermeld in die skedule betaal, vervang of herstel, onderhweig daaraan dat sodanige OLS ten tyde van die verlies of skade in jou besit of beheer was op die grond of in transito binne die Gebiedsperke en dat die verlies of skade toeskryfbaar is aan 'n enkele insident nie andersins uitgeluit nie.

B) Die betaalbare vergoeding sal ten alle tye beperk wees tot die Versekerde Waarde of die waarde genoteer in die skedule, watter ookal die laagste is, minus enige aftrekkings wat ingevolge **21.6.1 Aftrekbare bedrae** gemaak is.

# 21.4

# ONBEMANDE LUGSTELSELS UITBREIDINGS

**OLS onderdele**

## 1. OLS onderdele

A) Hierdie afdeling is uitgebrei om fisiese verlies van of skade aan OLS onderdele in jou besit of beheer op die grond of in transito, minus enige toepaslike bybetaling, te dek, onderhewig daaraan dat:
   a) jy volle rekord van alle items en die dienooreenkomstige waarde van elke item van OLS onderdele wat van tyd tot tyd ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal hou;
   b) tensy ons sou kies om die OLS onderdele as wrakgoed te neem, sal die OLS onderdele ten alle tye jou eiendom bly en sal jy geen reg van afstanddoening aan ons hê nie;
   c) alle wrakgoed en verhaling (insluitend betalings ontvang) wat ná 'n skikking van verlies ingevolge hierdie uitbreiding ontvang word, sal toegepas word asof dit vóór sodanige skikking verhaal of ontvang is en alle nodige aanpassings sal deur die partye daartoe gemaak word.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in **Aanhangsel B**, of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvooro bykomende premie betaal is.

C) Hierdie uitbreiding dek nie:
   a) verlies van of skade aan OLS onderdele wat plaasvind enige tyd ná die taak om dit aan of op die OLS waarvoor dit bestem is, te monteer, begin het;
   b) verlies van of skade aan 'n enjin wat plaasvind gedurende die werking of toetsing daarvan;
   c) verlies of skade veroorsaak deur meganiese of elektriese verwronging;
   d) verlies of skade veroorsaak deur of as gevolg van jou nalatigheid om redelike middele te gebruik om die OLS onderdele te red en te bewaar ten tyde van en ná enige verlies of skade;

e) elektriese of meganiese fout of onklaarraking;
f) diefstal of poging daartoe van die OLS onderdele;
g) verlies van of skade aan enige OLS onderdele terwyl dit deur 'n derde party vir wie se aksie of gebreek jy nie middellik verantwoordelik of andersins aanspreeklik is nie, skoongemaak, herstel, inspekteer, aan gewerk of onderhou word;
h) onverklaarde verlies of verdwyning of voorraad tekorte van OLS onderdele;
nie.

# 21.5

# ONBEMANDE LUGSTELSELS OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreiding as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

Rol en Vlug

## 1. Rol en Vlug

**Uitsluiting 21.8.1 Rol en Vlug** is gekanselleer.

A) Dekking is uitgebrei om toevallige verlies van of skade aan die versekerde hommeltuig terwyl dit Rol of in Vlug is, in te sluit.

B) Dekking ingevolge hierdie opsionele uitbreiding is onderhewig aan die volgende spesifieke waarborge:
   a) Rol en Vlug is slegs gedek terwyl dit op landbougrond wat deur jou besit word, en as deel van jou boerdery werksaamhede, plaasvind;
   b) die OLS moet ten alle tye onder die beheer van die OLS Operateur wat in die skedule genoteer is, wees;
   c) jy sal voldoen aan alle lugvaart en lugvaardigheid -instruksies en -vereistes wat deur die SLO (Siviele Lugvaartowerheid) of enige ander gemagtigde owerheid wat die veilige werking van die OLS affekteer, uitgereik is. Bykomend sal jy verseker dat:
      1) die OLS voor die aanvang van elke Vlug lugvaardig is;
      2) alle logboeke en ander rekords wat met die OLS verband hou en wat deur enige amptelike regulasie wat van tyd tot tyd van krag mag wees, vereis word, op datum gehou sal word en op versoek aan ons of ons agente voorsien sal word; en
      3) jou werknemers en agente aan sodanige instruksies en vereistes sal voldoen; en
      4) indien van toepassing vir die area waarin jy werksaam is, jy slegs die OLS sal vlieg indien 'n PFAW ('permission for aerial work') en/of PFCO ('permission for commercial operation') permit om te vlieg vóór die vlug bekom is;
   d) jy sal ten alle tye voldoen aan die aanbevelings (insluitend gedurende land en opstyg) van die vervaardiger van sodanige OLS;
   e) bykomend tot c) en d) hierbo:
      1) vlugte is slegs gedurende die dag toelaatbaar;
      2) vlugte mag nie 'n hoogte van 400 (vierhonderd) voet bo die grondoppervlak oorskry nie;
      3) vlugte nie buite die sigbare afstand van die OLS Operateur nie;
      4) vlugte mag nie binne 50 (vyftig) meter van enige:
         - derde party persoon;
         - tuig;
         - voertuig; of
         - struktuur

         plaasvind nie, tensy gedurende opstyg of landing, waar die OLS nie binne 30 (dertig) meter van sodanige derde party persoon, tuig, voertuig of struktuur mag vlieg nie.
   f) geen enkele OLS sal 500 (vyfhonderd) vlug-ure gedurende enige 12 (twaalf) maande versekeringsperiode, bereken vanaf die betrokke intree of hernuwingsdatum, oorskry nie.

Diefstal

## 2. Diefstal

**Uitsluiting 21.8.7 Diefstal** is gekanselleer.

A) Dekking is uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde OLS en wat veroorsaak word deur diefstal of poging daartoe in te sluit, onderhweig daaraan dat sodanige diefstal of poging daartoe gepaard gaan met:
   a) sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue waarin sodanige OLS bewaar word; of
   b) geweld of dreigende geweld.

B) Hierdie uitbreiding dek nie diefstal van die OLS uit 'n voertuig nie, tensy sodanige diefstal volg op 'n ongeluk van die voertuig waaring die OLS op daardie stadium vervoer is.

# 21.6

# ONBEMANDE LUGSTELSELS SPESIFIEKE VOORWAARDES

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge wat op hierdie afdeling van toepassing is.

| | |
|---|---|
| Aftrekbare bedrae | **1. Aftrekbare bedrae**<br>A) Die volgende bedrae sal van die eis betaalbaar ingevolge **21.3 Dekking** van hierdie afdeling, afgetrek word:<br>a) die bedrag genoteer in **21.2 Bybetaling**; en<br>b) sodanige gedeelte van die Hersieningskoste van enige Eenheid wat herstel of vervang word soos wat die gebruikte tyd relatief tot die Hersieningsleeftyd van die Eenheid uitmaak. |
| Demontering, transport en herstel | **2. Demontering, transport en herstel**<br>A) Indien die OLS beskadig is, sal:<br>a) geen demontering of herstel 'n aanvang neem sonder ons skriftelike toestemming nie, behalwe insoverre, in die belang van veiligheid of om verdere skade te voorkom of om aan instruksies van die relevante owerhede te voldoen, dit nodig sou wees.<br>b) ons slegs vir die mees ekonomiese metode van transport van arbeid en materiale betaal, tensy ons skriftelik vooraf andersins met jou ooreengekom het. |
| Geen afstanddoening | **3. Geen afstanddoening**<br>Tensy ons sou kies om die OLS as wrakgoed te neem, sal die OLS ten alle tye jou eiendom bly en sal jy geen reg van afstanddoening aan ons hê nie; |
| Betaling of vervanging | **4. Betaling of vervanging**<br>A) Indien ons die opsie sou uitoefen om die OLS te betaal of the vervang:<br>a) is ons geregtig daarop om die OLS (tesame met alle dokumentasie van record, registrasie en titel daarvan) as wrakgoed in besit te neem;<br>b) sal die dekking wat ingevolge hierdie afdeling met betrekking tot die betrokke OLS gebied word, gekanselleer word, selfs al word die OLS deur jou behou;<br>c) sal die OLS met dieselfde maak en tipe en in redelik dieselfde toestand vervang word, tensy andersins met ons ooreengekom. |
| Twee of meer OLS | **5. Twee of meer OLS**<br>Indien twee of meer OLS ingevolge hierdie afdeling verseker word, sal die bepalings van hierdie afdeling afsonderlik op elkeen van toepassing wees. |

# 21.7

# ONBEMANDE LUGSTELSELS UITSLUITINGS

Bykomend tot die Algemene Uitsluitings, sal ons jou nie met betrekking tot die volgende vrystel nie.

| | |
|---|---|
| Skoonmaak en herstel | **1. Skoonmaak en herstel**<br>Ons dek nie die OLS terwyl dit deur 'n derde party vir wie se aksie of gebreek jy nie middellik verantwoordelik of andersins aanspreeklik is nie, skoongemaak, herstel, inspekteer, aan gewerk of onderhou word nie. |
| Versuim om voorsorg te tref | **2. Versuim om voorsorg te tref**<br>Ons dek nie verlies of skade wat voortspruit uit jou versuim om alle redelike voorsorg te tref om die OLS te beskerm en om dit in 'n goeie en behoorlike toestand, in ooreenstemming met die betrokke vervaardiger se riglyne, te onderhou en te bedryf nie. |
| Onwettige gebruik | **3. Onwettige gebruik**<br>Ons dek nie enige verlies of skade wat ontstaan terwyl die OLS vir enige onwettige doel, of vir enige doel anders as wat in **21.1 Definisies** uiteengesit word, gebruik word nie. |

| | |
|---|---|
| Inkorrekte verpakking | **4. Inkorrekte verpakking**<br>Ons dek nie verlies of skade wat plaasvind terwyl die OLS verpak is en sodanige verpakking nie in ooreenstemming met die vervaardiger se riglyne of in 'n veilig toegesluite en gewatteerde OLS vlugkoffer is nie. |
| Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye | **5. Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye**<br>Ons sal jou nie vrystel met betrekking tot skade aan enige derde party eiendom of besering aan enige persoon wat spruit uit Rol of Vlug nie. |
| Verlies aan gebruik | **6. Verlies aan gebruik**<br>Ons dek nie verlies aan gebruik van die OLS of OLS onderdele of onderbreking van jou besigheid (insluitend enige verlies aan inkomste of van kontrak) wat mag voortspruit van die fisiese verlies en/of vernietiging van die OLS of OLS onderdele nie. |
| Progressiewe skade | **7. Progressiewe skade**<br>Ons sal jou nie vrystel met betrekking tot skade aan enige Eenheid van die OLS en die gevolglike skade aan die OLS daarná deur enigiets wat 'n progressiewe of kumulatiewe effek het nie, tensy sodanige skade aan 'n enkele gebeurtenis wat ingevolge hierdie afdeling gedek is, toegeskryf kan word. |
| Krap of aanslag | **8. Krap of aanslag**<br>Met betrekking tot kameratoerusting, dek ons nie krap van of aanslag op lense en meganiese verwrogning nie, tensy dit spruit uit 'n ongeluk tot die OLS waaraan sodanige toerusting gemonteer is. |
| Rol en Vlug | **9. Rol en Vlug**<br>Tensy daar spesifiek daarvoor voorsiening gemaak is, dek ons nie verlies van of skade aan die versekerde OLS terwyl dit Rol of in Vlug is nie. |
| Diefstal | **10. Diefstal**<br>Tensy daar spesifiek daarvoor voorsiening gemaak is, dek ons nie verlies van of skade aan die versekerde OLS veroorsaak deur diefstal of poging daartoe nie. |

# BOERDERY BYBETALINGS

| Afdeling 21: Onbemande lugstelsels | |
|---|---|
| Ieder en elke eis | 10% van bruto eis, minimum R1 500 |
| Rol en Vlug | 25% van bruto eis, minimum R5 000 |

# BOERDERY PERKE

| Afdeling 21: Onbemande lugstelsels | |
|---|---|
| 21.4 ONBEMANDE LUGSTELSELS UITBREIDINGS | |
| OLS onderdele | *R25 000 per eis* |